OOSTELIKE SINODE

Familienuus

Hier is ons
Stuur ons

In Lukas se Handelinge-beskrywing van die hemelvaart van Jesus gebeur daar 'n tussen-in gesprek wat diep met ons praat.

Lukas sê dat Jesus met sy dissipels praat oor die dinge van die koninkryk van God. Hulle bydrae tot die gesprek was om te vra "Here, gaan U nou die koninkryk vir Israel vestig?"

Ons sal waarskynlik – as ons eerlik is met onsself – hierdie tipe gesprek herken. My koninkryk. God se koninkryk? My belange? God se belange?

Ook vir die kerk van die Here is hierdie belangrik: hoe sal ons weet as ons eerder ons eie belange begin dien het eerder as God s'n?

Dit bly 'n saak van diep en ernstige selfondersoek. 'n Diep eerlikheid voor God. Dalk 'n luister-gesprek met 'n vertroueling?

Vir ons almal in diens van die Here is hierdie 'n noodsaaklike geloofsoefening.

Selfgesentreerdheid, die eer van mense, ek in die middelpunt – hierdie goed pootjie ons. Dit belemmer ons getuienis.

Geseënde Hemelvaart en Pinkstertyd!

Francois Retief

GEMEENTES EN LERAARS

Emule Rademeyer van Doornkloof is beroep na NG Kerk-in-Suid in die Noordelike Sinode.

AFLOSLERAARS

Ronnie Stanton Emeritus Pretoria Garsfontein |012 365 1528 | bestuur@nggars.org.za

Michiel van der Merwe Emeritus Pretoria|082 462 3529 | michielvandermerwe@gmail.com

Johan Taute Emeritus Lux Mundi | 083 608 4111 | jtaute@luxmundi.org.za

Dion van Dyk Emeritus Pretoria | 072 317 0407 | dionvdyk@mweb.co.za

Delanie Bezuidenhout Diensleraar Elarduspark | 079 520 2559 | delaniebezuidenhout@gmail.com

Hancke van Blerk Leraar Piet Retief | 079 872 4829 | hanckevb@gmail.com

Christie Smit Emeritus Pretoria | 083 234 4456 | christiepos@gmail.com

André Fitzgerald Emeritus Pretoria | 082 855 0691 | anfitz@telkomsa.net

Danie Neumann Diensleraar | 072 643 4361 | danie.neumann@outlook.com

Predikante, emeriti en proponente wat beskikbaar is om eredienste in ons kleiner gemeentes of waar vakatures bestaan, te lei, is welkom om hulle besonderhede aan Francois Retief by die Sinodehuis te stuur.

VAKATURES

OOSTELIKE SINODE

Vakature: Uitvoerende Amptenaar

Vakature: Direkteur CMR Gauteng Oos Pretoria

BEPLAN JY ‘N UITREIK NA MOSAMBIEK?

Die Oostelike Sinode het ‘n jarelange verbintenis met die NOVO Sinode van die IRM in Mosambiek. Baie van ons gemeentes was al op verskeie maniere betrokke deur ‘n uitreik, gebedsondersteuning, hulp en ander maniere. Dalk is julle ‘n gemeente wat in die toekoms graag betrokke wil raak of op ‘n uitreik na Mosambiek wil gaan.

Leraars en gemeentelede is uitgenooi na vanjaar se NOVO byeenkoms!

10 MEI 2024 | 12:00-15:30 |NG GEMEENTE SKULKRANS

Ligte verversings, koffie en tee vanaf 12:00-12:45.
Bevestig asseblief jou teenwoordigheid vóór of op **Woensdag 8 Mei** by Tersia Petzer.

Navrae: Nico Swart

Besprekings: Tersia Petzer

IN PAS LEERGEMEENSKAP

22-23 MEI 2024 | LUX MUNDI GEMEENTE (Pretoria)

Het jy al jou plek bespreek?

5 Ritmes | 15 Gewoontes | 45 Praktyke
Kry gereedskap wat jy in jou gemeente kan implimenteer wat diepte en groei sal verseker.

Navrae: Johan Koen (Jnr)

Om te registreer

AANDAG AL ONS KERKKANTORE!

Kerkkantooropleiding

OOSTELIKE SINODE

11-13 JUNIE 2024 | MONUMENTPARK GEMEENTE (Pretoria)

Ons is opgewonde om personeellede van ons kerkkantore te ontmoet!

In samewerking met die Noordelike Sinode bied ons 'n drie-dag kantooropleiding aan. Kerkkantore het dikwels dieselfde uitdagings en daarom is dit goed om medekollegas te kan ontmoet, by mekaar te leer en die gesig agter die telefoon te kan sien. Ons gaan oor spesifieke onderwerpe riglyne gee, algemene vrae wat ons kry aanspreek en by mekaar leer.

DATUMS
Dinsdag 11 Junie | 08:00 - 15:30
Argief / algemene kantoorbestuur / vergaderings en notules
Woensdag 12 Junie |08:00 - 15:30
Finansies / boekhouding / Payroll / personeelsake
Donderdag 13 Junie | 08:00 - 13:30
Gesig van die kerkkantoor / Winkerk toep / Bemarking en kommunikasie

Kostes beloop R500 per kantoor vir die 3 dae. Personeellede is welkom om volgens posbeskrywing toepaslike dae by te woon.
Tee / koffie en verversings, asook 'n ligte middagete (vir Dinsdag en Woensdag) word voorsien.

Bespreek jou plek voor of op 5 Junie by Tersia Petzer - ontvangs@sinoos.co.za. Ons het nodig om te weet wie op watter dag kom, so vul asseblief die besonderhede op die epos skakel korrek in.

Soortgelyke werkswinkels word aan die einde van Julie vir die **Laeveld** area en aan die einde van Augustus vir die **Hoëveld** area beplan - hou ons nuusbrief dop vir meer inligting

VANUIT DIE SINODEHUIS

Sinodesitting 7–10 Oktober 2024 Weesgerus-oord

Die Ontwerpspan van ons sinodesitting vergader Vrydag 10 Mei om detail te gee aan ons program.

Oor die akkommodasie: ons bly in die chalets wat op die terrein beskikbaar is. Daar is ook kampgeriewe vir dié van ons wat daarvan hou. Die uitleg van die chalets maak dat ons mooi moet besin oor wie ons as afgevaardigdes kan stuur. Elke chalet het een badkamer, en dan een of twee slaapkamers. Ons moet dus daarvoor sensitief wees dat afgevaardigdes uit verskillende geslagte nie 'n chalet sal wil deel nie.

In ons kommunikasie wat later hierdie week uitgaan, spel ons die detail hiervan uit. Ons gaan vra dat naburige gemeentes met mekaar skakel oor die deel van verblyf om dit vir afgevaardigdes maklik te maak.

Ons Taakspanne is besig met groot inisiatiewe vir die program: leraarversorging, jeug en gesinne, missionale dissipelskap, ekologiese inisiatiewe, die ondersteuning van gemeentes, kommunikasie – en 'n verrassing vanaf die Pensioenfonds. (nee, nie pasella geld nie...!)

Loer gerus op Weesgerus se webblad

Argiefinligting

Doop-en Lidmaatregisters

Het jy nog doop- of lidmaatregisters in jou kluis? Ons wil dit graag veilig in ons argief bewaar.

Kontak Annelize Meyer by die Sinodehuis indien jy nog registers het.

Inventarisvorms

'n Epos rakende inventarisvorms vir 2024 is aan kantore gestuur. Dankie vir gemeentes wat alreeds gereageer het!

Vorms moet asseblief teen **14 Junie 2024** teruggestuur word

BGB vorms

Ons versoek ons gemeentes, wat nog nie BGB vorms ingestuur het nie, om te verseker dat die vorms ons kantoor bereik sodat korrekte bedrae van gemeentes verhaal kan word.

Die nuutste begrotingsvorm vir gemeentes vir 2024-2025 is op ons webblad onder Finansies beskikbaar. Alternatiewelik kan die vorm ook afgelaai word deur op die skakel hieronder te kliek.

Kliek hier om die nuutste BGB vorm af te laai (kyk in jou download vouer)

ROE (Return of earnings)

Gemeentes word herinner dat die ROE opgawes aan die Vergoedingskommissaris voor **einde Mei 2024** aanlyn ingedien moet word.

Indien daar enige vrae of onsekerheid hieroor bestaan kan Cathy Odendaal by die Sinodehuis gekontak word.

Volg die skakel hieronder vir die indien van die opgawes.

ROE webblad skakel

Finansiële state

Die nuutste opgedateerde formaat vir 2024 -2025 is op ons webblad onder Finansies

Finansies WhatsApp groep

Die doel van hierdie groep is tweeledig.

beskikbaar. Alternatiewelik kan die vorm afgelaai word deur hieronder te kliek.

Afgetekende finansiële state moet die Sinode asseblief **voor 30 Junie 2024 in elektroniese formaat** bereik.

Kliek hier om die nuutste Finansiële staat af te laai (kyk in jou download vouer)

te ondersteun. Soms help dit om te weet jy

is nie die enigste wat met 'n uitdaging worstel nie. Soms is iemand reeds deur dieselfde uitdaging en kan die res met raad en daad bedien.

Tweedens om inligting met mede-kollegas te deel.

Kontak Cathy Odendaal indien jy deel van ons ondersteuningsgroep wil wees.

Verjaarsdae

Baie geluk aan elkeen wat tussen **7 - 21 Mei** verjaar.

PREDIKANTE

11 Mei Van Wyk Fischer
17 Mei Jean Strydom
17 Mei Nadine Swanepoel

EMERITI

8 Mei Danie Dreyer
12 Mei Barend Piek
12 Mei Wielie van Wyk
13 Mei Eduan Naude
13 Mei Petrus Moolman
18 Mei Frans Conradie
19 Mei Jannie van Eeden

GEMEENTES

11 Mei Nooitgedacht (48)
12 Mei Kerksondermure (38)
14 Mei Midrand (55)
19 Mei Tzaneen-Wolkberg (48)
20 Mei Dennesig (33)

Francois Retief

Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za

Onthou om die inligting op ons webwerf te benut. Die nuutste inligting oor personeelsake, finansiële dokumente, gemeentes se besonderhede en baie meer is beskikbaar.

Ons webtuiste